**Julle hartseer sal in blydskap verander**

**Joh 16:16-33**

**4 Januarie 2026**

1. Vantevore: Met die Here Jesus se weggaan na die Vader, sal Hy geregtigheid bewerk. Daarna kan die Heilige Gees kom. Drie rolle van die Heilige Gees: (1) Hy sal die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel, (2) Hy sal die dissipels in die volle waarheid lei dat niemand na die Vader kan kom behalwe deur die Here Jesus nie, (3) Hy sal die Here Jesus verheerlik - die Here Jesus is die Persoon in die Drie-Eenheid wat God se heerlikheid uitstraal.
2. Joh 16:16-21 – Na 'n kort tydjie sal die dissipels die Here Jesus nie sien nie, hulle sal hartseer wees, terwyl die wêreld bly sal wees. Na nog 'n kort tydjie sal hulle weer die Here Jesus sien, hulle hartseer sal in blydskap verander.
    a. Interpretasie 1: 1ste kort tydjie is tot Sy kruisiging, 2 de kort tydjie tot Sy opstanding
        i. Hierdie interpretasie is verkieslik:
            - Gelowiges ervaar reeds in hierdie lewe blydskap (Joh 15:11)
            - Met die opstanding was die dissipels verheug (Joh 20:20)
    b. Interpretasie 2: 1 ste kort tydjie tot met hemelvaart, 2 de kort tydjie tot met Pinkster
    c. Interpretasie 3: 1 ste kort tydjie tot met hemelvaart, 2 de kort tydjie tot met wederkoms
3. Die blydskap begin in pyn en verwarring (Joh 16:22)
    a. Die dissipels se hartseer oor die Here Jesus se dood, sal verander in blydskap
    b. Die blydskap begin wanneer die Here Jesus hulle sien na die opstanding – en dan sien hulle Hom ook
    c. As ons moedeloos word, is dit nodig dat ons opnuut die Here Jesus en Sy werk moet sien (deur die Heilige Gees se getuienis) – dit bring ware blydskap
4. Die blydskap groei deur kennis en 'n verhouding met God (Joh 16:23-28)
    a. Hierdie blydskap is rasioneel, gewortel in Jesus se werk – maar nie eensklaps volmaak nie
    b. Op Opstandingsondag het die dissipels baie meer begryp (v23a), maar nie alles nie – nou mag hulle die Vader in die Here Jesus se Naam vra – en Hy sal (insig) gee (v23b-24)
    c. Na Opstandingsondag sal die Here Jesus hulle openlik oor die Vader leer (v25)
    d. Gelowiges mag direk van die Vader vra in die Here Jesus se Naam (op grond van Sy geregtigheid is Hy ons Voorspraak – Rom 8:34, Heb 7:12), maar hulle bid nie deur die Here Jesus nie (v26)
    e. Die Vader verlustig Hom in hulle gebede – want Hy is lief vir hulle (v27)
5. Die blydskap is nie volmaak in hierdie gevalle wêreld nie (Joh 16:28-32)
    a. Die dissipels reageer in bravade en arrogansie (v29-30)
    b. Die Here Jesus waarsku hulle gaan Hom binnekort verlaat (v31-32)
    c. Ons is ook geneig om soos wat ons groei in kennis en blydskap, op ons kennis staat te maak – al is dit steeds gebrekkig
6. Volkome blydskap is egter wel verseker (Joh 16:22, 24, 32-22)
    a. Al verlaat die dissipels die Here Jesus – die Vader doen dit nie (uitgesonder die 3 ure van duisternis) (v32)
    b. Die Here Jesus was oortuig Hy sal die wêreld oorwin (verlede tyd) (v33) – dit is die basis wat verseker hulle blydskap sal groei tot volmaaktheid (v24), en niemand sal dit kan wegneem nie (v22)